PNHS

VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

18 Augustus 2025

**OB: 25 / 2025**

**Geagte ouers**

## 1. Krieket

12 Augustus: PNHS 0/14 A v/s HTS John Vorster. John Vorster kolf eerste en behaal 184/8. Goeie boulwerk van Joshua de Klerk met 3 paaltjies vir 20 lopies in 3 beurte (brons balkie). PNHS volg op met 156 /10. Goeie kolfwerk van Janco Schoonraad met 48 lopies van 46 balle (brons balkie) en Phillip Beukes met 44 lopies van 33 balle (brons balkie). HTS John Vorster wen met 28 lopies. Dit was ons eerste ligawedstryd.

14 Augustus: PNHS 0/15 A v/s Hammanskraal Hub. Hammanskraal Hub kolf eerste en behaal 121/6. Goeie boulwerk van JP Thomas met 2 paaltjies vir 24 lopies in 2 beurte. PNHS volg op met 93 /10. Goeie kolfwerk van Roan Wright met 21 lopies van 47 balle. Hammanskraal Hub wen met 28 lopies. Dit was ons eerste ligawedstryd.

16 Augustus: PNHS 1 v/s Overkruin 1, tuis. Overkruin wen die loot en stuur PNHS in om te kolf. PNHS behaal 301 / 7 in hul 50 beurte. Goeie kolfwerk van Rohan Louw met 130 lopies van 122 balle (goue balkie) en Charl Otto met 103 lopies van 141 balle (goue balkie). Overkruin volg op met 192 lopies / 10. Goeie boulwerk van Ruan Schoonraad met 3 paaltjies vir 8 lopies in 2 beurte (brons balkie), Ulrich Breytenbach met 2 paaltjies vir 18 lopies en Christopher Runnals met 2 paaltjies vir 18 lopies in 3 beurte. Goeie vangskote deur Ettiene de Bruyn (2), Christopher Runnals (2) en Michael Flanagan (2), hulle ontvang elkeen 'n brons balkie. PNHS wen met 109 lopies, dit was ons eerste ligawedstryd.

## 2. Gholf

11 Augustus: PNHS 1 v/s Wagpos 1 by Akasia gholfbaan. PNHS verloor 49 teenoor 52. Geluk aan Charl Otto (18 -12) wat sy wedstryd wen. Dit was ons derde ligawedstryd waarvan ons drie verloor.

PNHS 2 v/s Wagpos 2 by Akasia gholfbaan. PNHS verloor met 3 spelle teen 1. Geluk aan Chris Stols wat sy wedstryd wen. Dit was ons derde ligawedstryd waarvan ons een wen, een verloor en een gelykop speel.

## 3. Landloop

### 3.1 Landloop liga 4: Midstream College, 13 Augustus 2025

| | |
|---|---|
| 0/14 seuns (107 atlete): | Jordan Anderson (42), Logan Pretorius (67), Dario van Deventer (69) en SJ Labuschagne (74). |
| 0/14 dogters (122 atlete): | Sandra Viviers (**26**) en Kaylie van Jaarsveld (52). |
| 0/15 seuns (128 atlete): | Caleb Jooste (35), Heino Schuster (34) en Henru Smith (37). |

| | |
|---|---|
| 0/15 dogters (119 atlete): | Jamilla Buff (**13**), Charney Badenhorst (38), Danika du Plessis (81), Jessica Potgieter (94) en Mienka Pretorius (74). |
| 0/16 seuns (115 atlete): | Matthew Roselt **(**40**)** en Jaden Roux (104)**.** |
| 0/16 dogters (113 atlete): | Juhane du Plessis (43), Jazlyn Roux (40) en Rhulani Khoza (50). |
| 0/17 seuns (108 atlete): | Schon-dré Scheun (**8**) en Mikyle Willemse (36). |
| 0/17 dogters (73 atlete): | Simoné de Koker **(5).** |
| 0/18 seuns (81 atlete): | Junior Bokwa **(19**) en Maurice Munro **(**36**).** |
| 0/18 dogters (58 atlete): | Ezmarelda Viviers **(16).** |

Dit was ons laaste landloop liga. Ons het in die A-Bond deelgeneem teen 52 skole. Ons dogterspan eindig 10de en ons seuns-span 13de. Wat ons die trotse maak is nie noodwendig ons posisies behaal nie, maar die manier hoe ons atlete deelgeneem het, mekaar ondersteun het en nooit moed opgegee het nie!
Baie sterkte aan ons atlete by die Gauteng-Noord Kampioenskappe.

## 4. Sagtebal:

### 4.1 Seuns Liga 3: PNHS v/s Hartebeespoort, 11 Augustus 2025, tuis

| **Seuns** | 0/14A | 0/14A | 0/15A | 0/15A | 0/16A | 0/16A | 0/19A | 0/19A | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | Hpt | **PN** | Hpt | **PN** | Hpt | **PN** | Hpt | | |
| Uitslag | **1** | 8 | **3** | 12 | **6** | 3 | **15** | 0 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **1** | | **1** | | **3** | | **4** | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Verloor | **1** | | **1** | | **0** | | **0** | | | |

| **Seuns** | 0/14B | 0/14B | 0/15B | 0/15B | 0/16B | 0/16B | 0/19B | 0/19A | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | | | **PN** | | **PN** | | **PN** | Hpt | | |
| Uitslag | | | | | | 0 | **3** | 11 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Verloor | **0** | | **0** | | **0** | | **4** | | | |

| | |
|---|---|
| 0/14 A: | Beste kolwer: Zander Pieterse. |
| | Speler van die wedstryd: Jayden Joubert. |
| 0/15 A: | Beste kolwer: Jean Ré Pienaar. |
| | Speler van die wedstryd: Jayden Schoeman. |
| 0/16 A: | Beste kolwer: Ethan Walkinshaw. |
| | Speler van die wedstryd: Raynard Bosman. |
| 0/19 B: | Beste kolwer: Egin van der Watt. |
| | Speler van die wedstryd: CJ Marais |
| 0/19 A: | Beste kolwer: Rohan Louw. |
| | Speler van die wedstryd: Arno Schreuder. |

### 4.2 Seuns Liga 4: PNHS v/s Gerrit Maritz, 15 Augustus 2025, tuis

| **Seuns** | 0/14A | 0/14A | 0/15A | 0/15A | 0/16A | 0/16A | 0/19A | 0/19A | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | | **PN** | GM | **PN** | GM | **PN** | GM | | |
| Uitslag | | | **11** | 8 | **19** | 0 | **11** | 0 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **1** | | **2** | | **4** | | **5** | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Verloor | **1** | | **1** | | **0** | | **0** | | | |

| **Seuns** | 0/14B | 0/14B | 0/15B | 0/15B | 0/16B | 0/16B | 0/19B | 0/19A | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | | | **PN** | | **PN** | | **PN** | GM | | |
| Uitslag | | | | | | 0 | **0** | 15 | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | |
| Verloor | **0** | | **0** | | **0** | | **5** | | | |

0/15 A: Beste kolwer: Christopher Runnals.
Speler van die wedstryd: Divan Botha.
0/16 A: Beste kolwer: Ethan Walkinshaw.
Speler van die wedstryd: Ethan Walkinshaw
0/19 B: Beste kolwer: Caleb Plaatjies.
Speler van die wedstryd: Jason Fourie
0/19 A: Beste kolwer: Jayden Neethling.
Speler van die wedstryd: Jayden Neethling.

## 4.3 Dogters Liga 2: PNHS v/s Wonderboom, 16 Augustus 2025, weg

| **Dogters** | 0/14 A | 0/14 A | 0/15 A | 0/15 A | 0/16 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | Won | **PN** | Won | **PN** | Won | **PN** | Won |
| Uitslag | **7** | 15 | **10** | 2 | **14** | 1 | **5** | 12 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | |
| Gewen | **0** | | **1** | | **2** | | **1** | |
| Gelykop | **1** | | **1** | | **0** | | **0** | |
| Verloor | **1** | | **0** | | **0** | | **1** | |

0/14 A: Beste Kolwer: Mickayla Luck
Speler van wedstryd: Tilana Bezuidenhout
0/15 A: Beste kolwer: Johané Heyneke
Speler van die wedstryd: Cady Meyer
0/16 A: Beste kolwer: Amorey Wallendorf
Speler van die wedstryd: Amorey Wallendorf
0/19 A: Beste kolwer: Ashley Jordaan
Speler van die wedstryd: Marianne Lottering

## 4.4 Dogters B Liga 2: PNHS v/s Wonderboom, 16 Augustus 2025, weg

| **Dogters** | 0/14 B | 0/14B | 0/15 B | 0/15 B | 0/16 B | 0/16B | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | Won | **PN** | Won | **PN** | | | |
| Uitslag | **4** | 10 | **3** | 9 | | | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | |
| Gewen | **1** | | **0** | | | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | | | | |
| Verloor | **1** | | **2** | | | | | |

0/14 B:Beste Kolwer: Willow Robinson
Speler van die Wedstryd: Lizay Wessels
0/15 B:Beste Kolwer: Ankia Smal
Speler van die Wedstryd: Christal Fouché

## 5. Jukskei: Liga 2: Jukskeipark, 16 Augustus 2025

| | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 | 0/16 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | | |
| Skool | **PN** | AHS | **PN** | Mon | **PN** | Gars | | | | |
| Uitslag | **5½** | 9½ | **5** | 10 | **4½** | 10½ | | | | |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **3** | | **3** | | **3** | | | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | | | | |
| Verloor | **2** | | **3** | | **4** | | | | | |

**AHS = Afrikaans Hoër Seuns / Mon = Montana / Gars = Garsfontein**

| | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/16 A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter | Dogter |
| Skool | **PN** | Hpt | **PN** | Gars | **PN** | Won | **PN** | Cen | **PN** | Zwar |
| Uitslag | **6** | 7 | **8** | 7 | **4½** | **10½** | **10½** | **4½** | 8 | 7 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **4** | | **5** | | **5** | | **6** | | **7** | |
| Gelykop | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | |
| Verloor | **1** | | **1** | | **2** | | **2** | | **2** | |

**Hpt = Hartebeespoort / Gars = Garsfontein / Won = Wonderboom / Cen = Centurion / Zwar = Zwartkop /**

**Ons dogters 0/16 is naaswenners in Gauteng-Noord met 80 punte teenoor Hartebeespoort se 83 punte. Aangesien Hartebeespoort in Noord-Wes val, sal PNHS Gauteng-Noord verteenwoordig in die Noord-Vaal Kampioenskappe.**

| | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | 0/19 A | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | Seuns | | | |
| Skool | **PN** | HTST | **PN** | Zwar | **PN** | Won | **PN** | 3DA | | | |
| Uitslag | **10½** | 4½ | **10½** | **4½** | **8** | 7 | **10** | 5 | | | |
| | Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **6** | | **7** | | **8** | | **9** | | | | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | | |
| Verloor | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | | | | |

**HTST = HTS Tuine / Zwar = Zwartkop / Won = Wonderboom / 3DA = 3D Akademie**

**Ons Seuns 1ste span is onoorwonne Gauteng-Noord Kampioene en sal Gauteng-Noord verteenwoordig in die Noord-Vaal Kampioenskappe**

## 6 Akademie: Top 10: Tweede Kwartaal 2025

Baie geluk aan ons volgende top presteerders:

| Graad 8 | Graad 9 |
|---|---|
| 1. Janco Schoonraad (96,36%) | 1. Mia Viljoen (93,31%) |
| 2. Dario van Deventer (94,39%) | 2. Nimrie Beyleveld (92,75%) |
| 3. Marnus Havenga (93,36%) | 3. Helé Lottering (91,18%) |
| 4. Hannah Muller (90,15%%) | 4. Charney Badenhorst (90,24%) |
| 5. Caitlyn Paterson (89,24%) | 5. Liani Swanepoel (89,81%) |
| 6. Angelique Jonker (89,23%) | 6. Carlé Pieterse (89,48%) |
| 7. Kevin du Preez (88,94%) | 7. Jamila Buff (88,58%) |
| 8. Shanon van der Westhuizen (88,39%) | 8. Isabel Vos (88,52%) |
| 9. Jessicah Plaatjies (87,70%) | 9. Lienka Beytell (88,33%) |
| 10. Stephanus Labuschagne (87,61%) | 10. Ziané Nel (88,19%) |

| Graad 10 | Graad 11 |
|---|---|
| 1. Raynard Bosman (94,23%) | 1. Larissa Ellis (95,14%) |
| 2. Michael de Villiers (92,24%) | 2. Leandré Koekemoer (92,46%) |
| 3. Allan Ribeiro (92,21%) | 3. Liané Schutte (92,45%) |
| 4. Barco Lombaard (89,85%) | 4. Leila van Rensburg (92,21%) |
| 5. Anru Moolman (87,62%) | 5. Rohan Louw (88,51%) |
| 6. Mia Rynners (86,64%) | 6. MC Kritzinger (88,49%) |
| 7. Marsha Hamman (86,46%) | 7. Sasha Janssen (88,37%) |
| 8. Carli du Plessis (83,35%) | 8. Cheyenne Pieterse (85,76%) |
| 9. Cyril Aarloo (81,83%) | 9. Dehan Joubert (85,38%) |
| 10. Jessica Watt (81,67%) | 10. Kayla Fourie (85,24%) |

| Graad 12 | |
|---|---|
| 1. Righardt Beytell (87,01%) | |
| 2. Etienne Botha (85,96%) | |
| 3. Delinda Josling (82,85%) | |
| 4. Kaylin Groenewald (82,01%) | |
| 5. Beate Haarhoff (81,45%) | |
| 6. Shené Louw (81,39%) | |
| 7. Xanéthé Mahon (80,27%) | |
| 8. Dané Louw (77,78%) | |
| 9. Dawid Briel (77,62%) | |
| 10. Kaelo Muhammed (77,61%) | |

## 7. Interne Vasvra: Kwartaal 3

Baie geluk aan die volgende wenners:
Graad 8: Kevin du Plessis en Dylan Lombard
Graad 9: Lienka Beytell.
Graad 10: Raynard Bosman.
Graad 11: Dehan Joubert.
Graad 12: Marique Bam.

**Algehele wenner: Dehan Joubert.**

## 8. Waardebalkies

Baie geluk aan die volgende leerders wat waardebalkies verower:
Graad 10A: Corlia Du Plooy - Verantwoordelikheid
Graad 10C: Fortune Magongoa - Respek
Graad 10E: Riley Venter - Integriteit

## 9. Kultuur: Sang

- Baie geluk aan Marioné Engelbrecht wat tydens die Noorderkruin Kunstefees een A++ en en drie A+ sertifikate ontvang.
- Marioné ontvang ook Gauteng kleure by SACOPA.

## 10. Akademie

**Geagte ouers en leerders neem asseblief kennis dat die toetsperiode van Donderdag, 28 Augustus 2025 skuif na Vrydag, 29 Augustus 2025, as gevolg van ons Revue-groep wat deurgedring het na die finaal van die Kaleidoskoop Kompetisie op 27 Augustus 2025.**

## 11. Inskrywings Graad 8 vir 2026

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys aangekondig het dat die aanlyn aansoek proses vanaf **Donderdag, 24 Julie 2025 tot Maandag, 29 Augustus 2025** sal wees. Daar sal slegs 1 fase wees.
Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U kan vanaf **Donderdag, 24 Julie 2025 om 08:00** aansoek doen by www.gdeadmissions.gov.za en u sal ŉ waglys- / verwysingsnommer ontvang, bewaar dit asseblief. Om u aansoek te verifieer het u 7 dae, nádat aanlyn aansoek gedoen is, om die volgende dokumentasie by die skool in te dien, of u kan dit tydens die aanlyn aansoek elektronies aanheg:

- GESERTIFISEERDE geboortesertifikaat van leerder
- GESERTIFISEERDE bewys van u fisiese woonadres:
  Huiseienaars – Munisipale rekening van nie ouer as 3 maande nie in die naam van die ouer met die volle residensiële adres.
  Huurders – moet al die volgende dokumente nie ouer as 3 maande nie voorlê:
  1. Munisipale rekening in die naam van die verhuurder met die volle resedensiële adres.
  2. Huurkontrak (kan ouer as 3 maande wees) geteken deur huurder en verhuurder met die volle residensiële adres. (Belangrik die huur periode op die huurkontrak moet nog steeds geldig wees op die datum wanneer u aanlyn aansoek doen)
  3. ‘n Kwitansie vir betaling van huurgeld metvole residensiële adres.
  4. Staat van enige rekening in die naam van die aansoeker met die volle residensiële adres op.
- GESERTIFISEERDE laerskoolrapport (nuutste) van u kind
- GESERTIFISEERDE afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Neem asseblief kennis dat die volgende voorkeur orde gebruik word deur die Departement van Onderwys vir plasing:
1ste voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf fisiese woonadres (naaste na verste)
2de voorkeur: Broer of suster tans in H/S Pretoria-Noord
3de voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf ouer se werksadres
4de voorkeur: Skool is binne ‘n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
5de voorkeur: Skool is buite ‘n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
Ons administratiewe dames is elke dag tydens skoolure 07H00 – 14H00 beskikbaar om u behulpsaam te wees. Om werkende ouers te akkommodeer sal ons administratiewe dames ook vanaf **Maandag, 28 Julie 2025 tot Woensdag 30 Julie 2025 tot 19:00 by die skool se ontvangs wees** om enige navrae te hanteer. Enige navrae kan ook gerig word by 012 546 6950 of by pahoof@pnhs.co.za.

Baie sterkte met die inskrywingsproses.

## 12. Afri-Forum: “Laat die Son Skyn oor hul Grafte”

**Die burgerregte organisasie, Afri-Forum, vra ons gemeenskap se hulp vir ‘n verdienstelike projek by die Heatherdale begrafplaas. Hulle beplan om op Saterdag, 30 Augustus 2025, vanaf 08H00 ‘n skoonmaak-projek by die begrafplaas te loods en versoek:**

1. **Almal wat ‘n geliefde daar begrawe het word gevra om die graf skoon te kom maak.**
2. **Enige persoon wat bereid is om te help om ‘n graf skoon te maak.**
3. **Jongmense wat bereid is om vir sakgeld ‘n graf skoon te kom maak.**

## 13. Skoolfonds

**Geagte ouers dit het onder ons aandag gekom dat die wanpersepsie bestaan dat die staat ruim bydrae tot skole en ook skoolfonds betaal vir alle leerders wat vrystelling ontvang. Die waarheid is egter dat die staat se bydrae tot ons skool so beperk is dat ons nie eens ons diensterekening vir 8 maande daarmee sal kan betaal nie. Die staat se vergoeding vir verpligte vrystellings beloop maar sowat 5% van die werklike verlies vir die skool. Om die skool instaat te stel om kwaliteit onderrig aan te bied en geleenthede vir u kind te bied nodig ons dat ons ouers getrou skoolfonds sal betaal.**
**Betaal asseblief u skoolfonds, dit is die regte ding om te doen!**

## 14. Leierskap: Gewysigde PN-Raad Konstitusie en Gedragskode

**Geagte ouers en leerders neem asseblief kennis van hierdie baie belangrike inligting. Die Beheerliggaam het op 1 Maart 2025 die Konstitusie en Gedragskode van die PN-Raad hersien en gewysig. Hierdie beleidstuk is beskikbaar op die skool se webwerf vir besigtiging. Dit is van kardinale belang dat alle leerders (graad 8 tot 12) en ook ons ouers hulself vergewis van hierdie wysigings aangesien belangrike veranderings aangebring is rakende skoolbywoning, deelname aan skoolaktiwiteite en dissiplinêre aangeleenthede wat huidige en toekomstige kandidate vir die PN-Raad raak. Ons waardeer u samewerking en ondersteuning om 'n positiewe aanslag op hierdie veranderinge tot voordeel van ons kinders en ons skool te bewerkstellig.**

**Neem ook asseblief kennis dat appélle na die veto-vergadering vanaf Dinsdag, 5 Augustus tot Woensdag, 6 Augustus word hierdie jaar gerig aan die Onder-Voorsitter van ons Beheerliggaam. Dit is Mnr. Corné Botha by cjbotha@mweb.co.za .**

## 15. Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 18 Augustus: | * | **Graad 8 – 12, dag 6.** |
| | * | Detensie, 14H15 – 15H15**.** |
| | * | Krieket:PNHS 2 v/s Wagpos 2, 14H30, tuis. |
| | * | Gholf: PNHS 2 v/s Montana, 14H30, Akasia gholfklub. |
| Dinsdag, 19 Augustus: | * | **Graad 8 – 12, dag 1.** |
| | * | **Toetsperiode 8 – 12.** |
| | * | **PN-Raad verkiesing** |
| | * | Graad 12: Addisionele akademiese uur, sleutel 6, 14H15 – 15H00. |
| | * | Tennis: dogters 0/15 v/s Zwartkop, 14H30, weg. |
| | * | Krieket: PNHS 0/14 A v/s H/S Wonderboom,14H30, tuis. |
| Woensdag, 20 Augustus: | * | **Graad 8 – 12, dag 2.** |
| | * | Addisionele akademiese uur 8 - 12, 14H00 – 15H00. |
| | * | Sagtebal: Dogters 0/19 v/s Oos Moot, 14H30, tuis. |
| | * | Sagtebal: Seuns: Tshwane proewe, 14H30, tuis. |
| | * | PNNK: Toneelaand, 18H00, saal. |
| Donderdag, 21 Augustus: | * | **Graad 8 – 12, dag 3.** |
| | * | **PN-Raad verkiesing: Bekendmaking.** |
| | * | PNNK: Grafiti Kompetisie, 14H00 – 16H00, binneplein. |
| | * | Krieket: 0/15A v/s Wonderboom, 14H30, tuis. |
| | * | PNNK: Talentaand, 18H00, saal. |
| Vrydag, 22 Augustus: | * | **Graad 8 – 12, dag 4.** |
| | * | Seuns Sagtebal Liga 4: PNHS v/s Homespun, 14H30, Crafford Park. |
| | * | Dogters sagtebal B-liga: PNHS v/s Eldoraigne, 14H30, tuis. |
| | * | Brugbou Kompetisie: Nasionale rondte, Midrand. |
| Saterdag, 23 Augustus: | * | Sagtebal: Dogters Sagtebal: A-spanne v/s Oos-Moot, 09H00, tuis. |
| | * | Krieket: PNHS 1 v/s Mamelodi 1, 09H00, weg. |

Maandag, 25 Augustus:

* **Graad 8 – 11, dag 5.**
* **Graad 12 Rekordeksamen.**
* Detensie, 14H15 – 15H15**.**
* PN-Raad opleiding: 14H00 – 16H00, K14.
* Krieket: PNHS 2 v/s Silverton 2, 14H30, weg.

Vriendelike Groete

CJC Driescher
Hoof

# Wen Wetenskap & Wiskunde
# Win Science & Maths

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Nifty Notas.
- Flashy Flitskaarte.
- Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Snazzy Summaries.
- Tricky Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

https://wenwetenskap.co.za/

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# NG Florandia

# Basaar

## 6 September 2025

Wildsvleis
Teetuin
Jaffels
Wors-broodjies

Poeding
Pannekoek
Wit Olifant
Koffie en Tee

**8:00 – 13:00**

Kerrie en Rys
Gebak
Hamburgers
Koeldrank

**Blouaalwynstraat 321, Dorandia**

**Kontak Anna-Mart by 069 637 9091**

Verskeie stalletjies van buite


AfriForum
SONSKYN OP HUL GRAFTE
Vernuwe en verfraai in herinnering van ons geliefdes.
Jy word hartlik uitgenooi om 'n geliefde se graf te kom verfraai by Heatherdale Begraafplaas.
Saterdag 30 Augustus 2025 | 08:00
SUNSHINE ON THEIR GRAVES
Renew and beautify in memory of our loved ones.
You are cordially invited to join us and beautify the grave of a loved one at Heatherdale Cemetery.
Saturday 30 August 2025 | 08:00
Juanita 082 965 9061


NATANIËL
25 Oktober 2025
14h00
R200 | 082 874 6759 | 083 266 2804
NG Gemeente Wonderpark | Berglaan 1849